


PIETER HUGO
Adjunkdirekteur,
Munisipale Vervangingsbefondsing



Vergrootglasgeskenke

En van die vreugdes van die lewe is om 'n in-die-kol geskenk te kry, of te gee. Soos toe ek 48 geword het. My seun het vir my 'n pospakkie gestuur. Dit was 'n netjiese, baie klein, vierkantige kartonboksie. Binne-in was 'n blikkie met 'n unieke verjaarsdagetiket deur hom ontwerp, gedruk en opgeplak: 'n gewone blikkie kondensmelk.

Wat dit so 'n wonderlike geskenk gemaak het, was die verrassende kombinasie van uniekheid en tradisie. In my kinderjare was kondensmelk die standaardgeskenk met verjaarsdae en Kersfees. 'n Lekker goedkoop geskenkoplossing in 'n groot gesin. Ek het die tradisie voortgesit met my kinders en hulle met my.

In ons familie is daar twee soorte kondensmelkdrinkers. Die een soort maak twee piepklein gaatjies in die deksel en suig die kondensmelk bietjies-bietjies daardeur. En as ek sê suig dan bedoel ek súg. Die blikkie word dan iewers veilig, soos in 'n klerelaai, weggesteek. So 'n blikkie sal weke lank klein porsies plesier verskaf, as een van die ander gebroeder-of-susters dit nie intussen 'ontdek' nie. Die ander soort maak twee groot gate en slurpsuig die blikkie in een lang sitting leeg. Dan word die deksel oopgesny en die laaste bietjie kondensmelk word, met lawaierige leedvermaak, met 'n teelepel uitgekrap tot die laaste lekseltjie toe.

Daar is nog 'n rede hoekom kondensmelk so 'n goeie geskenk is. Jy wéét dit gaan gebruik en geniet word. Wat nie die geval was met 'n ander soort geskenk wat gewild was in die groter familie nie. Die probleem is dat ons klomp Hugo-kinders nie daardie geskenkkonsep verstaan het nie. Tot een jaar met 'n groot familiekersfees.

Met die groter familie byeen was dit ondenkbaar dat elke oom, tante, ouma, neef, niggie, broer en suster vir elke ander een 'n geskenk sou gee. Nee, elke gesin het vir elke ander gesin 'n geskenk gegee. Noodwendig dan iets wat deur 'n hele gesin benut, meestal geëet, kan word. 'n Blik koekies of, van die ryker gesin af, dalk selfs 'n blik Quality Street lekkers. Al het ons monde gewater, het ons geweet ma sal dié heerlikhede streng regverdig oor die hele vakansie heen rantsoeneer.

Maar die gewildste geskenke was sulke groot, plat bokse versuikerde, gemaalde, droëvrugtelekkers. Verskeie hiervan is tussen gesinne, maar veral van en aan ouma, uitgeruil. Ouma het regte lekkers nie goedgekeur nie, maar vrugtelekkers was, volgens haar, baie gesond. Ons Hugo-kinders het ons s'n net daar oopgeskeur en, nog voor ma kon keer, begin eet.

En amper ons tande gebreek. Die goed was al oneetbaar versteen: smakelose fossiele. Skielik het ons verstaan hoekom die ander ontvangerma's almal die kerspapier net aan die een kant versigtig oopgemaak, ingeloer en met 'n 'knowing look' dankie gesê het. Die volgende jaar se geskenk was klaar reg, toegedraai en al. Daardie jare was daar nog nie vervaldatums op produkte nie, maar ek is seker ons boks vrugtelekkers was al in sirkulasie as 'aanpass' geskenk van voor my geboorte af. Daar het ook vir ons lig opgegaan oor ander geskenke wat ma soms gekry, maar nooit gebruik het nie. Kleurvolle bottels badsout, byvoorbeeld. Natuurlik 'aanpass' geskenke geword.

Dan is daar die soort geskenke wat begin het met een tante, wat 'n groot seëlversamelaar was, wat vir haar man 'n vergrootglas as verjaarsdaggeskenk gegee het. Van toe af is die soort geskenke vergrootglasgeskenke genoem. Die konsep is universeel bekend. Jy gee wat jy eintlik self graag wil hê. As jy slim genoeg is, gee jy dit natuurlik aan iemand in jou eie huishouding.

Daar is wel een soort verfyning van die vergrootglasgeskenk wat, as dit goed gekies word, net soveel nut en plesier aan die skenker as aan die ontvanger bied. As die skenker dit lank genoeg voor die tyd koop, kan hy dit opgebruik en dan steeds as 'n splinternuwe item toedraai en skenk. Ek praat natuurlik van 'n boek! Jy as skenker moet net baie netjies lees, sodat die boek steeds kraakvars lyk. Of gee dit aan iemand in jou gesin, sodat jy dit later self kan lees.

Nie dat boeke nie ook soms in die 'aanpass' geskenkkategorie kan val nie. Ek sit byvoorbeeld hier met 'n ideale 'aanpass'-boek: **Die Suid-Afrikaanse droëvrugtebedryf**. Soos 'n regte 'aanpass' geskenk, is die boek ook al lang jare verby sy 'vervaldatum'. Laat ek net gou op my verjaardagkalender kyk aan wie ek die volgende in-die-kol geskenk kan gee . . .